Liefde en gasvryheid

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Fil.1:3-11 en Heb.13:1-2

- **Fil.1: 7** *"Omdat julle my na aan die hart lê"*
- **Fil.1: 8** *"God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die liefde van Christus Jesus in my hart"*
- **Heb13:1-2** *"As broers moet julle mekaar altyd liefhê. Moenie nalaat om gasvry te wees nie…"*

'n Lidmaat vertel sy ervaring van die gemeente. Hy het jare terug in die gemeente gewoon. Met sy terugkeer na Potchefstroom het hy ervaar dat die gemeente verander het. Ek het hom gevra wat het verander? Hy het die volgende genoem: *"Die gemeente het van 'n tradisie vaste gemeente verander na 'n vernuwende gemeente en die gemeentelede is baie meer spontaan en liefdevol."*

1. Liefde behoort deur jou woorde gehoor te word.

Stel jou die prentjie voor. Jy is smoorverlief op iemand wat saam met jou klasdraf op die kampus. As jy hom sien nader kom, word jou bene sommer so lam en jou hart klop vinniger! Jy droom selfs snags oor die droom man van jou lewe. Maar daar is net een probleem, die ou weet nie jy is verlief op hom nie. Jy sê dit nie vir hom nie en jy wys dit nie met dade nie. Om die waarheid te sê jy gesels nie eers met hom nie. Dink jy die ou sal weet jy is lief vir hom? Nee, glad nie.

Die punt is***, liefde wat nie in woorde uitgedruk word nie is nutteloos!*** Dit sal vir niemand iets beteken nie! Dit sal niemand se hart verander nie en niemand se emosies aanraak nie en niemand se gesindheid verander nie. Die eerste groot les is dus: Liefde moet met woorde en gekommunikeer word! Alleen dan word liefde hoorbaar!

- **<u>God die Vader</u> verklaar Sy liefde vir Jesus hoorbaar**. Almal moes dit hoor en sien! Dit het by Jesus se doop gebeur. Jesus staan in die water, die Gees van God daal sigbaar in die vorm van 'n duif op Hom neer en die Vader kondig luid aan: *"Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."* **Mt.3:17**

- Jesus druk **God die Vader se liefde** in woorde uit sodat almal dit kan hoor en verstaan. Hy sê: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun, gegee het, sodat die wat in hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê"* **Joh.3:16**
- **Jesus vertel by herhaling van Sy eie liefde vir al die mense.** *"Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief"* **Joh.15:9.**
- **Ons moet vir mekaar ook sê dat ons mekaar lief het. "Soos Ek julle lief het, moet julle mekaar ook lief hê!" Joh.13:34**
- In Joh.21 vra Jesus drie keer vir Petrus of hy Hom lief het. **Drie keer agter *mekaar* verklaar Petrus sy liefde hardop teenoor die Here.**

Hierdie uitdrukkings van onderlinge liefde het die pas aangegee. **Dwarsdeur die Nuwe Testament vind ons herhaalde uitdrukkings van liefde tussen die gelowiges onderling.**

- In **Rom.16** voeg **Paulus** 'n hele hoofstuk by sy brief waar hy liefde en groete stuur en vertel hoe dankbaar en lief hy is teenoor al die gelowiges wat hom en die kerk so wonderlik ondersteun. Hy sê dit vir Febe, Priscilla en Akwila, Epenetus *(Die eerste bekeerling in Asië),* Andronikus en Junias, Ampliatus, Urbanus ens. *(Heeltemal te veel om in besonderhede te bespreek).*

God het ons geskep om ons liefde en gevoel verbaal uit te druk. Daarom moet ons as gelowiges leer om ons liefde vir mekaar elke dag te kommunikeer! Ons moet elke dag vrygewig wees om woorde van dankbaarheid en waardering en liefde teenoor mekaar uit te spreek. Mense moet hoor dat ons dankbaar is teenoor God vir wie hulle is en wat hulle doen. Moenie so leef dat die mense rondom jou moet raai of afleidings maak oor jy oor hulle voel nie. ***Mense wat net met mekaar praat wanneer iets verkeerd is, of wanneer hulle nie van 'n ding hou nie, sal nie effektief kommunikeer nie.*** Hulle sal sukkel om verhoudinge te bou. Hulle sal kort-kort misverstande in hul huwelik, huis, werk, en in die gemeente ervaar. Die atmosfeer rondom hulle sal negatief en sleg wees. Alle mense wil graag positiewe woorde hoor. Woorde van liefde, waardering en aanmoediging! Sulke woorde is veral ook belangrik in 'n gemeente

- Soos die een man vir my tydens ’n huweliksberading sessie gesê het toe ek hom vra “wanneer laas het jy vir jou vrou gesê jy het haar lief en vir haar ’n drukkie gegee?” Toe antwoord hy. *“Dominee, ek hoef dit nie te sê nie. Ons is al soveel jare getroud, as sy teen die tyd nog nie weet ek is vir haar lief nie, kan sy maar los!”* Weet u die dag toe hierdie ou dit uiteindelik weer regkry om vir sy vrou te sê: “*Ek het jou lief!”* en hy haar ’n drukkie gee, was dit die mooiste woorde wat sy ooit kon hoor. Sy het van blydskap begin huil!

Dis so belangrik dat ons in die gemeente voortdurend ons liefde vir mekaar in woorde uitdruk. Al doen ons dit by herhaling op verskillende wyses. **1Joh.4:8** sê: “*Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.”* Wanneer jy vir iemand in woorde sê ek is lief vir jou, spreek jy lewe en open jy die weg vir goeie verhoudinge. Dit verminder die kans vir kwaadpraat en seermaak woorde!

- **Paulus het met vaderlike liefde na sy medegelowiges omgesien.** Selfs as hy iemand reghelp of vermaan, het hy dit in liefde gedoen. Sy optrede was altyd gekenmerk deur simpatie, besorgdheid en ware omgee. Hy sê in **Fil.1:7** hy tree so op: “omdat julle my na aan die hart lê.”

Kom ons stel ons radar en kompas weer opnuut in om met liefde te kommunikeer. Terwyl vroue maklik oor hul emosies praat, sukkel mans oor die algemeen daarmee om hul liefde in woorde uit te druk. As ons weet ons is van nature nie daarmee goed nie, moet ons effens harder daaraan werk. As jy bv. weet jy is ’n introvert (iemand wat nie maklik kommunikeer nie), moet jy besef dit is jou leemte en moet ons harder daarop konsentreer om met liefde te kommunikeer.

1Joh.4:20 “As iemand sê: *“ek het God lief.” En hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar, want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê wat hy nie kan sien nie.”*

2. Liefde behoort omskep te word in sigbare liefdesdade!

Een van die mooi gebruike van die eerste Christelike gemeentes was dat hulle mekaar met die liefde van Jesus gegroet het. Ons lees in **1Pet.5:14** ***"Groet mekaar met 'n soen van Christelike liefde.***" Die soengroet is nie dieselfde as mense wat verlief is nie. Sommige verwys na die gelowiges se liefdes groet as 'n "vredesgroet" of 'n "heilige kus".

- Belangrik is dat ons mekaar fisies aanraak en hartlike omgee liefde teenoor mekaar betoon. Die gebaar van liefde is belangrik. Of dit nou 'n werklike soen is, 'n liefdes drukkie, 'n wangdruk of 'n handdruk, maak nie saak nie. Solank daar opregte Christelike liefde oorgedra word. Ons medegelowige moet die opregtheid daarvan beleef. *(Ons kan meer oor Petrus se bedoeling met Christelike liefde lees in 1Pet.1:22, 4:8)*

Die Bybel leer ons dus dat dit belangrik is dat medegelowiges in die gemeente mekaar op 'n sigbare wyse sal groet dat almal duidelik kan sien dat ons een familie van gelowiges is en dat ons lief is vir mekaar. Hierdie liefde word veral gedeel by die samekomste van die gelowiges, maar sommer ook in die algemene lewe, daar waar ons werk of inkopies doen. Gelowiges is altyd bly om hul geestelike familie raak te loop! Hulle het mekaar lief en verlang na mekaar.

- Toe Paulus afskeid geneem het van die gelowiges in Efese (**Hd.20:37)** lees ons: *"Almal het baie gehuil en hom omhels en gesoen."*

Ons lees hoe Jesus in sy bediening op aarde mense aangeraak het, mense vertroos het, mense bemoedig het, vir hulle gebid het en hulle geseën het. Jesus het Sy medemens in liefde bedien.

- **In Joh.13:14-15 stel Jesus die voorbeeld van praktiese dienende liefde. Hy maak dit 'n opdrag dat ons mekaar met dade moet liefhê en dien!**

Jesus het sy liefde fisies getoon. Die vroue en kinders het spontaan na Jesus gekom omdat Hy 'n natuurlike liefde vir sy medemense gehad het. Die kindertjies het Hy op sy skoot getel. Die mense wou hom graag aanraak. Maria het soveel vir hom omgegee dat sy tot Sy voete met egte duur nardus olie gesalf het en met haar hare afgedroog het (Joh.12:3).

Tog is dit hartseer dat sommige mense glo die kerk moet ’n stywe, waardige en ernstige atmosfeer hê! Soms is ons so bang om op te kyk en iemand te groet dat dit amper voel of mens by ’n begrafnis is! Jy is amper te bang om iemand te groet omdat jy nie sy naam ken nie! Jy vermy dus die mense. Nee, Jesus het dit nie so bedoel nie! Gelowiges moet warme en hartlike liefde teenoor mekaar betoon.

Die kerk moet ’n lewensveranderende gemeenskap wees, waar mense leer om liefde vir mekaar te gee. Ons behoort Jesus se liefde te modelleer. 1Joh2:6 *“Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.”*

Moenie toelaat dat die selgroepe, bedieningsvergaderinge of eredienste stywe liefdelose byeenkomste word nie. Jesus het dit nie so bedoel nie!

3. Liefde is gasvryheid

Gasvryheid is een van die maklikste maniere om jou Christelike liefde uit te straal. Wat beteken gasvryheid? Dit beteken om die dinge wat jy van God ontvang het, met ander te deel. Deur die bediening van gasvryheid deel ek juis daardie dinge wat vir my die kosbaarste is, met ander. So deel ek my familie, my huis, my finansiële vermoëns, my kos, my privaatheid en my tyd. Met ander woorde ek deel my lewe met ander mense!

Terwyl die Bybel ons by herhaling oproep om mekaar lief te hê, moet dit nie as ’n verassing kom dat die Bybel ons ook beveel om gasvry te wees teenoor mekaar nie!

- ***Heb.13:2*** *“Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mens sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”*
- ***1Pet.4:9*** *“Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.”*
- ***Rom.12:13*** *“Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.”*

Haai, ek het dan altyd gedink net die mense wat die gawe van gasvryheid het, moet ander mense in hul huise en lewe ontvang. Die res het ander gawes! Nee, dis nie wat die Bybel sê nie. **Die Woord van God moedig almal aan om hul huise en harte en gesinne en besittings met ander gelowiges te deel!**

Dit is onmoontlik om mekaar as medegelowiges te leer ken en lief te kry as ons net vir ’n uur op ’n Sondag by die erediens bymekaar kom, of hier en daar ’n vergadering bywoon. Dit is juis deur gasvry te leef, dat ons by mekaar aan huis kom en mekaar waarlik leer ken. Deur saam te eet, saam te ontspan, saam te kuier en saam te slaap (in die regte konteks verstaan!) dat ons mekaar waarlik leer liefkry. (Daarom groei mense wat op kampe en uitreike saam gaan, altyd nader aan mekaar).

- **As jy graag mense geestelik wil begelei en mentor, moet jy besef dit kan nie op ’n afstand gedoen word nie.** Dit verg intieme interaksie en ware koinonia. Daarom bied jou huis, ’n kosbare platform vanwaar jy mense kan versorg en dissipelleer.

Maartin Luther en sy vrou Katie, was welbekend vir hulle oop huis en spontane gasvryheid. Sy groot huis was altyd besig en vol mense wat daar tuis gegaan het.

Alhoewel gasvryheid en mededeelsaamheid na ’n nietige karaktereienskap lyk, is dit juis hierdie klein liefdesgebare wat ’n ontsaglike impak op mense se lewens het.

- **’n oop huis is ’n teken van iemand wat omgee met ’n vrygewige en versorgende liefdeshart!** Dit is gewoonlik hierdie mensies wat diegene wat moeg is en seergekry het in die lewe, na hul huise nooi en hul met ete bedien, hul bemoedig en weer opbeur!

Om vir God se mensies te sorg beteken dus om ook jou huis met mense te deel, jou kos met mense te deel, mense uit te nooi om by jou te kom kuier, of selfs om tydelike slaapplek aan mense te gee. God gebruik hierdie “saamwees” tussen gas en gasheer om mekaar geestelik op te bou en te versterk. Geen wonder dat die Bybel ook van ouderlinge verwag om gasvry te wees nie! (1Tim.3:1-2 en Tit.1:7)

Voorbeeld:

Jim Peterson het ’n boek oor vrienskapsevangelisasie geskryf. Hy vertel hoe hy maande lank geestelike gesprekke met ’n man, met die naam Mario, gevoer het. Mario het later tot bekering gekom. Toe hy ’n paar jaar later weer eendag met Mario gesels, vra hy: *“Mario wat het jou laat besluit om ’n Christen te word?”* Hy het verwag om te hoor dat Mario sou sê: al jou diepgaande gesprekke met my. In plaas daarvan het Mario eenvoudig gesê: *“Dit was toe ek eendag by jou huis aangedoen het en ’n bord sop saam met jou gesin aan tafel geëet het. Ek het in stilte gekyk hoe wonderlik jy met jou vrou en kinders gesels en hoe spontaan almal met mekaar is en vir mekaar omgee. Ek het by myself gedink wanneer sal ek en my verloofde ook so ’n verhouding kan hê? Ek het besef dit sal nooit gebeur nie, tensy ek ook Jesus as verlosser aanneem nie!”*

Om dus sommer net jou liefde aan ongelowiges te toon wanneer jy hulle in jou huis innooi, maak ’n onuitwisbare indruk en trek mense soos ’n magneet na Jesus toe! Kom ons gebruik ons besittings nie selfsugtig nie, maar kom ons wend dit aan tot voordeel van God.

Hoe kan ek en jy begin om gasvry te wees?

Ons weet dat ons gejaagde verstedelikte manier van lewe min tyd laat vir gasvryheid. Kom ons deel dan ’n paar wenke om die opdrag van gasvryheid wat ons in Rom.12:13 vind, waar te laat word:

- Sit ’n vaste tydgleuf opsy om mense eenkeer ’n maand of week na jou huis te nooi. (Tensy jy vooruit beplan en plek in jou dagboek maak, sal jy vind dat jy nooit die tyd het nie!)
- Maak ’n lys van mense wat bemoedig sal word deur jou gasvryheid. Bv. dit kan ’n belangrike gebaar wees om nuwe lidmate in jou gemeente so te laat tuis voel! Of dit kan mense bemoedig wat deur moeilike tye gaan.
- Onthou om mense deur vakansie tyd na jou huis te nooi! Onthou Jesus se wenk: “As jy ’n feesmaal gee, nooi dan armes en kreupeles, verlamdes en blindes.”(Luk.14:13)

- Dis maklik om te vergeet om gasvry te wees. Wanneer laas het jy bv. ’n preek oor gasvryheid gehoor? Daarom moet jy doelbewus jou vriende daaraan leer om gasvry te leef. Stel die voorbeeld aan hulle en moedig hulle aan om dieselfde in die gemeente te doen!

- Bied jou vrywillig aan om sendelinge of reisende geestelike werkers in jou huis te huisves. Daar is jaarliks verskeie geleenthede wat bv. in die gemeente aangebied word waar akkommodasie vir kort periodes verlang word. Byvoorbeeld met konferensies of wanneer sendelinge na hul Vaderland terugkeer. Moenie die geleentheid mis om hulle na jou huis te nooi vir ’n maaltyd of om ’n bed aan te bied nie. Jou eie geestelike lewe sal daarby baat, maar almal wat saam met jou in die huis woon, sal daardeur geestelik groei. Jy sal slegs in die hiernamaals sien watter seën daaruit voortgespruit het.

Tenslotte wil ek u herinner aan die woorde van **Helga Henry** (aanhaling uit, “Be My Guets”, deur V.A.Hall,1979): *“Christian hospitality is not a matter of choice; it is not a matter of money; it is not a matter of age, social standing, sex, or personality. Christian hospitality is a matter of obedience to God.”*

My gebed is: Mag die Heilige Gees jou deur hierdie eenvoudige gedagtes weer aanmoedig om jou liefde oral waar jy gaan, in woorde en dade te toon. Stel jou hart daarop in om gasvry teenoor jou medemense op te tree.

Amen